PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

12 Desember 2021

Vanoggend se erediens

Tema: Wees bly!
Skrifgedeelte: Fil 4:4-7
Vandag is die derde Adventsondag. Dit beteken dat ons nou halfpad met die Advent is; daarom steek ons ook vandag die pienk kers op om te sê: die wagtyd is oor die halfpadmerk. Dié dag se tema is daarom ook: vreugde, en dit is ook waarom hierdie besondere teks vir die 3e Advent voorgeskryf word. Paulus sê ons moet bly wees.

Ons Program

Vandag: Derde Adventsondag

✎ **Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom
✎ **Deuroffer:** Ons Woning

Sondag 19 Desember: Vierde Adventsondag

✎ **Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom
✎ **Deuroffer:** Jan Kriel-skool

Só glo ons - Heidelbergse Kategismus

Vraag 57: Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?
Antwoord: Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.

Ek glo ...

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Desember
12 Estie Van Niekerk
13 Louwna Badenhorst
14 Andre Barnardt; Anzel Groenewald
15 Minnie Griessel (80j); Ronnie Masuret (85j)

Huweliksherdenking

12 Johan & Estie Van Niekerk (41j); Frans & Betta van der Watt (30j)
13 Francois & Ina Botha (41j); Dirk & Anna-Marie Terblanche (41j)
Heinie & Alta Grobbelaar (41j); Hercule & Ina Strauss (46j)
14 Phillip & Elize du Plessis (47j)
15 Ds. Jaco & Elmien Thom (43j); Ben & Belinda Grobbelaar (37j)
17 Pretorius & Marie Bezuidenhout (55j)

Voorbidding

✎ Hannes Nieuwoudt – Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
✎ Dr. Hannes Hartman – Kwaadaardige gewas aan sy long.
✎ Janine van Jaarsveld – Voortgesette behandeling vir kwaadaardigheid.
✎ Chirlene Human – Ernstig siek in die hospitaal.
✎ Hennie Wessels - Hardomlyning gehad Donderdag.
✎ Phillip du Plessis – Herstel by die huis.
✎ Vir almal wat in hierdie dae op reis gaan.

Gebed by Psalm 100

O Christus, deur van die skape,
mag ons u poorte ingaan met lof
en uit u voorhowe uitgaan om U te dien
in die armes, die verlorenes en die dwalendes,
hierdie dag en al ons dae.

vertaal uit The Archbishops' Council of the Church of England